




DIE BILTONG HET AL GEKOM

Die biltong wat „Suidwester” uitloof het aan die wenners van die wedstryd om intekenare te werf op Die O.B. het verlede week in Kaapstad aangekom. Die sekretaris van Voorslag (Edms.) Bpk. hou dit in veilige bewaring. Die redaksie het „insae” gehad daarin en kan in alle eerlikheid getuig dat dit heerlike biltong is. Vir die drie wenners van die wedstryd wag daar ongetwyfeld 'n heerlike smulletjie wanneer hulle hul pryse op 30 Augustus ontvang.

Aan die drie persone wat gedurende die tydperk 1 Januarie en 30 Augustus 1952 die meeste intekenare op Die O.B. gewerf het sal drie pryse toegeken word van onderskeidelik 15, 10 en 5 pond droë biltong.

Daar is nog 'n bietjie tyd voordat die wedstryd afsluit en diegene wat lus het vir wildsbiltong moet derhalwe maar werf dat dit so klap.

Toe ons „Suidwester” se aanbod aangekondig het, het ons geskryf dat hy saam met die biltong sy portret moet stuur vir publikasie, „anders behoort ons jou met nog vyf pond biltong — vir die redaksie.” „Suidwester” is blykbaar 'n baie beskeie jag-

ter, want hy het verkies om die vyf pond biltong te stuur. Baie dankie, „Suidwester,” ons eet smaaklik daaraan.

Verlede week het ons lesers weer agt nuwe intekenare gewerf. Mnr. J. H. Robbertse, Rhenosterdoorns, twee vir vier maande; mnr. J. C. Coetzee, Shabazimbi, een vir sewe maande; mnr. Geo. van der Smit, Outjo, vier vir ses maande; en mnr. J. van Niekerk, Vanrhynsdorp, een vir een jaar.

Hierdie lesers word baie hartlik bedank vir hulle hulp by die verspreiding van ons blad. Hulle het die goeie voorbeeld gestel.

Ons oproep is: Voorwaarts, op die laaste skof na 30 Augustus!

BEPLEIT RHODESIESE FEDERASIE MET UNIE

„Die Rhodesies, veral Suid-Rhodesië, staan op die oomblik voor 'n beslissende keuse,” skryf prof. L. J. du Plessis in Dagbreek. Suid-Rhodesië het blykbaar al klaar besluit om nie alleen die toekoms in te gaan nie. Die vraag is: Wat dan?

Prof. Du Plessis meen dat daar net twee alternatiewe is. Die een is federasie met sommige of selfs almal van die Britse gebiede in Sentraal- en Oos-Afrika. Federasie hou egter die gevaar van naturelle-dominasie in. Die ander alternatief is federasie met die Unie, bv. op soortgelyke basis as wat gebeur het met Suidwes-Afrika. Prof. Du Plessis pleit daarvoor dat ons ons moed bymekaar moet skraap om die moontlikheid reg in die aangesig te kyk.

Hy meen dat daar van die kant van Suid-Rhodesië twee besware mag wees, nl. Afrika-nerdominasie en apartheid. Hy meen egter dat die Rhodesies tog gou moet agterkom dat die sogenaamde Afrika-nerdominasie baie minder gevaarlik is as Colonial Office-dominasie uit Londen. „En aangaande apartheid behoort die Rhodesies tog te weet dat dit maar net 'n

ander, moontlik minder diplomatieuse naam is vir hulle eie kleurbeskouings.”

Prof. Du Plessis meen dat sodanige federasie vir Suid-Afrika en in besonder vir die Afrika-nerdom, die moontlikheid open om eindelijk werklik 'n oplossing te vind vir ons natuurelvraagstuk en ook vir ons vraagstuk van voldoende ruimte vir die noodsaaklike Europese immigrasie.

AFSYDIG

Mnr. Eric Louw, minister van ekonomiese sake, wat in Suid-Rhodesië is, het in 'n radiorede uit Salisbury verklaar dat Suid-Afrika met simpatieke belangstelling die besprekinge volg wat nou gehou word met die doel van federasie tussen die twee Rhodesies en Niassaland.

Voortgaande het hy gesê dat die toekoms van Suid-Rhodesië heeltemal die gebied se eie saak is. Dit is 'n saak wat deur die gebied se inwoners self beslis moet word en waarvoor geen Suid-Afrikaner wat 'n verantwoordelike posisie beklee hom sal aanmatig om selfs 'n mening uit te spreek nie — laat staan nog in te meng nie.

„Een of twee keer is al aan die hand gedoen dat Suid-Rhodesië deur Suid-Afrika opgeneem mag word. Ek meen ek gee die ware posisie weer as ek sê dat ek twyfel of daardie gedagte ooit by 'n verantwoordelike persoon in die Unie ontstaan het — in elk geval nie sedert die amalgamasie-poging van sowat dertig jaar gelede nie,” het minister Louw gesê.

Balkan-Verbond

Militêre leiers van Joego-Slawië, Griekeland en Turkye is tans besig om in Belgrado, hoofstad van maarskalk Tito se land, samesprekings te voer met die oog op die aangaan van 'n verdedigingsalliansie. Indien die samesprekings suksesvol is sal die Russiese magte in die toekoms te staan kom in die Balkan voor 3,000,000 uitstekende vegtersoldate wat die Balkan volgens plan sal verdedig en wat terselfdertyd deel van die Atlantiese verdedigingstelsel sal wees.

MINISTERS WIL NIE BEROEPSLEIERS AANSTEL

Die minister van ekonomiese sake, mnr. Eric Louw, het 'n versoek van die georganiseerde sakelewe geweier dat op die Sentrale Ekonomiese Adviesraad wat hy wil instel ook 'n aantal leiers op sakegebied aangestel word. Hy het met ander woorde die beginsel van beroeps- of belangvertegenwoordiging afgewys. „Die voorgestelde Sentrale Ekonomiese Adviesraad wat die regering gaan benoem, sal saamgestel word uit 'n aantal amptenare wat belangrike posisies beklee. Die sakelewe kan nie hierdie samestelling goedkeur nie,” skryf Volkshandel, amptelike orgaan van die Afrikaanse Handelsinstituut, in sy Junie-uitgawe. Indien die minister daarmee voortgaan sal hy die aktiewe belangstelling en medewerking van die sakelewe moet verbeur, verklaar die blad.

„Die doel van die beoogde Sentrale Ekonomiese Adviesraad is volgens die konsepwet nie net koördinasie van die staatsmasjinerie nie. In soverre die raad sal moet adviseer oor die gewenste ekonomiese beleid wat gevolg moet word, is dit van belang dat dit wyer saamgestel word ten einde persone met praktiese ervaring in die sakelewe in te sluit. Die alternatief wat voorgestel is, teweete 'n skakelkomitee met die sakelewe word nie as doeltreffend beskou nie. Alhoewel 'n skakelkomitee nuttig mag wees om die standpunte van die georganiseerde handel en nywerheid in aanmerking te neem, is daar nogtans behoefte aan 'n aantal leiers op sakegebied op die raad self. Die sakelewe sal groter vertroue hê in so 'n raad wat wyer saamgestel is aangesien hulle dan weet dat daar ook gebruik gemaak word van die sienswyse van praktiese sake-manne wat persoonlik hulle invloed in die raad kan laat geld,” verklaar Volkshandel.

BEKWAAMSTE PERSONE

En voortgaande: „Die voorgestelde Sentrale Ekonomiese Adviesraad kan 'n baie belangrike funksie vervul wat betref beplanning van die benutting van ons hulpbronne en koördinasie van die werksaamhede en alle departemente wat daarmee gemeed is om so 'n beplande beleid uit te voer. Om hierdie rede is dit juis so noodsaaklik om van die bekwaamste persone wat binne en buite die diens gevind kan word op hierdie raad te benoem. Aangesien die funksie en beleid van die raad die welsyn van die sakelewe ten nouste sal raak, word dit as noodsaaklik beskou dat persone wat prakties in die sakelewe staan en oor die kennis en agtergrond beskik, benoem moet word om hulle bekwaamhede gesamentlik met die amptenare aan te wend om 'n beleid wat prakties aanvaarbaar vir die sakelewe is, uit te werk. Die voorgestelde skakelkomitee sal geensins hierdie leemte kan vul nie.

MINISTER WEIER

„Alhoewel die Minister van Ekonomiese Sake nie sy weg oopgesien het om aan hierdie versoek van die georganiseerde sakelewe dat die raad wyer saamgestel moet word te voldoen nie, vertrou die Handelsinstituut nogtans dat hy die saak weer sal heroorweeg aangesien dit in belang van die raad self sal wees dat hierdie toegewing gedoen word.

„Dit sal jammer wees as die minister met die wetgewing soos dit tans is, voortgaan want dan sal hy die belangstelling en aktiewe medewerking van die sakelewe moet ontbeer.” Aldus die blad.

SLEGS DIE PARTY

Die beginsel wat Volkshandel hier bepleit, namens die Afrikaanse Handelsinstituut, en wat minister Eric Louw, namens die Nasionale Partyregering verwerp is wesentlik niks anders as beroeps- of belangvertegenwoordiging nie.

Die feite is kortliks: Die regering wil 'n ekonomiese raad in die lewe roep wat hom „sal moet adviseer oor die gewenste ekonomiese beleid wat gevolg

sal moet word” en wat derhalwe „die welsyn van die sakelewe ten nouste sal raak.” Maar die regering wil as lede van die raad net amptenare aanstel en aan amptenare mag die regering instruksies gee. In die praktyk sal dit beteken dat die regerende politieke party alleen die ekonomiese beleid sal bepaal — sonder die verleentheid van die advies van mense wat nie sy amptenare is nie.

BEROEPSLEIERS

Die Afrikaanse Handelsinstituut, daarenteen, wil graag 'n aantal leiers op sakegebied op die raad hê. In die praktyk sal dit egter beteken dat die ekonomiese beleid van die land aangegee sal word, nie uitsluitlik deur die regerende politieke party nie, maar ook deur 'n aantal onafhanklike leiers op sakegebied. En dit wil die regering nie toelaat nie, want dit sal beteken dat die partypolitici die mag wat hulle gebuit het met beroepsleiers moet deel.

Maar veral wil die partypolitici nie aan onafhanklike buitestaanders (buite die party) nl. 'n aantal beroepsleiers, die geleentheid gee om saam met hulle oor kwessies van beleid te beraadslaag nie. Die vryheid wat die beroepsleiers hulle mag voorloof om raad te gee wat teen die party se belange mag indruis en om moontlik lastige kritiek uit te oefen as hul raad verwerp word, is 'n gevaar wat die partypolitici nie wil trotseer nie.

RED EIE VEL

Dit weet die Ossewabrandwag uit ervaring.

Die Ossewabrandwag se beleid van: Eie seggenskap vir die beroepe en bedrywe, met inskakeeling van beroeps- of belangvertegenwoordiging in die staat, is een van die redes waarom die Nasionale Party die Ossewabrandwag so bitsig en so voortdurend beveg. Want die Nasionale Party voel dat as die O.B. eenmaal daarin slaag om die beginsel van beroepsvertegenwoor-

diging in die land aanvaar te kry dan is dit vir ewig verby met die politieke party se geleentheid om mag te buit.

Die Ossewabrandwag se voorligting lui:

(a) Dat 'n staat op lewensnoodsaaklike organisasies moet steun, soos 'n dak op sy pilare, en

(b) dat ons staat in ons huidige stelsel wel op organisasies steun, maar dan op die wat kunsmatig en misbaar is, naamlik op een of ander party wat direk die staatsmasjien beheer, en

(c) dat daar wel ander organisasies in die staat is waarvan die hele volkslewe direk afhanklik is sowel as die persoonlike nering en brood en botter van die afsonderlike volksgenote, maar dat hierdie onmisbare lewensnoodsaaklike magsorganisasies, die beroepe, in ons teenswoordige parlementêre stelsel hoegenaamd geen direkte seggenskap in die staat het nie.

DESKUNDIGES

In aansien van hierdie agterstevoor posisie sê die Ossewabrandwag: As die staat dan op magsorganisasies moet steun, laat hom dan in hemelsnaam op daardie organisasies steun, wat onmisbaar is vir sy voortbestaan en waarvan elke burger direk afhanklik is vir sy brood en botter en die van sy vrou en kinders!

Met ander woorde: laat die georganiseerde boerdery, handel, nywerheid, vrye beroepe, mynwe, verkeerswe, ens., in die beraadslaging van hierdie staat regstreeks verteenwoordig wees deur hul eie vakkundiges of deskundiges.

Kortom: vakkundige verteenwoordiging, gekies deur vakmanne en deskundiges, elkeen op sy eie gebied.

Die dag wanneer dit gebeur is die rol van die partypolitici in ons land uitgespeel. En dan sal dit moontlik word vir die volk om verenigd en voorspoedig te word.

JODE IS NOU TEVREDE MET NASIONALE PARTY

Die leier van die Nasionale Party in die Transvaalse Provinsiale Raad, dr. Theo Wassenaar, het apologie aangeleken en 'n verklaring gedoen van die Nasionale Party se groot agting vir die Jode, nadat 'n Nasionale Partylid van die Raad vernederende aanmerkings oor die Joodse ras sou gemaak het, berig die Jewish Herald.

Die blad berig dat mnr. P. A. Stoffberg, die Nasionale Party L.P.R. vir Randfontein, gesê het: „Die Joodse ras teen op die Afrikaners soos aasvoëls.”

VERSKONING

Dr. Theo Wassenaar, L.U.K., en leier van die Nasionale Party in die Raad, het verskoning gevra vir hierdie aanmerking en gesê dat hy die grootste respek het vir die Jode.

Die Jewish Herald berig voorts dat dr. Wassenaar gesê het dat die Jode die grootste nasionaliste in die wêreld is en dat dit 'n eienskap is wat hulle deel met die Nasionale Party. Die Jode het ook die wêreld verryk aan kultuur. Hulle samewerking is nodig om die blanke beskawing

in Suid-Afrika te handhaaf: „Boer, Brit en Jood moet saamstaan as ons die groot gevare uit die noorde die hoof wil bied. As een seksie ondergaan sal almal ondergaan,” het dr. Wassenaar gesê.

YWERIG GEWY

In 'n hoofartikel verklaar die South African Jewish Times: „Ons kan veilig konstateer dat die Jode vandag alle vrees en suspisie teenoor die Nasionale Party afgeskud het. Hulle vrees was nie ongegrond nie en het gespruit uit die giftige atmosfeer wat in die laat dertiger jare oor die land gehang het.

„Die Nasionale Party het hom ywerig gewy daaraan om hierdie gif te verplaas en ons glo dat hy oor die algemeen suksesvol was.”

DIE O.B., WOENSDAG, 9 JULIE 1952

'N KWESSIE VAN EINDBESTEMMING

As gevolg van propaganda wat blykbaar by O.B.-lede gemaak word en wat nou en dan by die redaksie uitslaan in briewe van ons lesers, is dit miskien nodig om die volgende vraag te stel en te beantwoord. Die vraag is: Sal 'n politieke party ooit in staat wees of gewillig wees om die ideale van die Ossewabrandwag te verwesenlik? Die antwoord is beslis: Nee. Die vraag kan anders gestel word: Sal die Ossewabrandwag ooit die hulp van 'n politieke party kry om sy doel te bereik? Die antwoord is weer beslis: Nee.

MET ENERSDENKENDES

Indien die Ossewabrandwag die ideale wat sy lede in hulle harte troetel wil bereik en die doeleindes waarna hulle streef in vervulling wil bring, dan moet die Ossewabrandwag hom nie inskakel agter 'n politieke party, wat ander — indien enige — ideale as hy het nie; en wat opgerig is om 'n heeltemal ander doel te dien as die Ossewabrandwag nie. Nee, indien die Ossewabrandwag na oorwinning en ideaalverweseningliking wil marsjeer dan moet hy sy eie selfstandige pad loop; en as hy bondgenootskappe wil sluit dan moet hy dit sluit met organisasies wat dieselfde ideale en doelstellings as hy koester.

Indien die Ossewabrandwag hom agter 'n politieke party gaan inskakel dan mag hy die vleispotte bereik (hoewel dit ook twyfelagtig is), maar hy sal nooit die doelstellings wat hy bely, bereik nie. Dit is 'n waarheid wat soos 'n paal bo die water staan.

Net soos die enkele mens uit ondervinding moet leer, moet die Ossewabrandwag dit ook doen. En wat het die ondervinding die Ossewabrandwag geleer? Laat ons dit nagaan.

LES VAN ONDERVINDING

Daar was 'n tyd toe sommige lede van die Ossewabrandwag onder die indruk verkeer het dat die belange van die beweging gedien sal word deur inskakeling by 'n politieke party — by name die oorlede Afrikanerparty. Baie lede van die Ossewabrandwag het by hierdie politieke party aangesluit — nie omdat hulle die party as sodanig wou bevorder nie, maar omdat hulle geglo het dat hulle daardeur die belange van die Ossewabrandwag kan bevorder.

Maar die dure ondervinding het geleer dat die Ossewabrandwag se skakeling met die Afrikanerparty vir hom van geen nut hoegenaamd was nie. Intendeel was dit tot sy nadeel want dit het vir hom die verlies van onmisbare lede meegebring.

Die Ossewabrandwag het nooit die steun van die Afrikanerparty gekry om selfs maar 'n enkele van sy doelstellings 'n duim te laat vorder nie. Trouens die Afrikanerparty het hom op die kritieke oomblik in die steek gelaat toe dit uiteindelik in sy (die Afrikanerparty se) mag was om die gewraakte diskriminasiebeleid van die Nasionale Party teen uitgesproke O.B.-lede opgehef te kry. Die Afrikanerparty het „wat ben je 'n mooie jonge” met die Ossewabrandwag gespeel tot op die oomblik dat hy dit gerieflik gevind het om in die huwelik te tree met die party wat teen O.B.-lede diskrimineer omdat hulle politiek bedryf wat in stryd is met daardie party se beleid.

EKSPERIMENT MISLUK

Op daardie stadium moes die Ossewabrandwag ondervind dat hy bedroë gekom het uit sy Afrikanerparty-eksperiment. Toe het die Afrikanerparty-leier hom nie meer aangemoedig om in verset te kom teen die Nasionale Party se diskriminasiebeleid teen sy lede nie. O, nee. Toe het die Afrikanerparty-leier verklaar dat O.B.-lede maar by die Nasionale Party moet aansluit — mits hulle net nie politiek bedryf in hul organisasie nie, en mits hulle nie 'n beleid verkondig wat bots met die beleid van die Nasionale Party nie.

En dit voer ons terug na die vrae wat ons aan die begin gestel het. O.B.-lede kan nie hul „politiek” of beleid of doelstellings bereik deur inskakeling by 'n party nie. Dit is immers die uitdruklike voorwaarde waarop mnr. Havenga hulle uitgenooi het om by die Nasionale Party aan te sluit — sonder hul „politiek” en sonder hul beleid. Dr. Malan het die voorwaarde beaam toe hy by herhaling verklaar het dat O.B.-lede nie 'n groep in die party mag vorm om hul eie doelstellings te propageer nie.

Daarom moet die Ossewabrandwag 'n selfstandige pad loop — of saam met enersdenkendes loop — as sy eindbestemming ideaalverweseningliking is en nie vleispotte nie.

Van die Os op die Esel

Die Kuns van Eensydigheid

Die partypolitiek het die kuns van eensydigheid tot volmaaktheid gevoer. Ek glo nie dat enige mens in die wêreld hierdie stelling sal betwis nie.

Vir die partypolitici en vir die koerante wat vir hul party propaganda maak is die betrokke politieke party absoluut volmaak, net soos die teenparty, absoluut onvolmaak is; hul party se leiers het al die wysheid in pag en hul teenparty se leiers beskik gevolglik net oor dwaasheid; hul party gaan altyd van krag tot krag en hy behaal net oorwinnings terwyl die teenparty voortdurend agteruitgaan en die een nederlaag na die ander ly; m.a.w. hul party is altyd reg en altyd beste terwyl die teenparty altyd verkeerd en altyd slegste is.

Die gevolg is dat mense wat nie vir hulleself dink nie en wat aan 'n politieke party behoort en wat hul party se propaganda sonder sout verslind naderhand begin glo dat hulle party nog nooit 'n fout gemaak het nie; trouens dat hulle party glad nie in staat is om 'n fout te maak nie.

Sondeloos en Volmaak

Daar is baie mense wat Sondae glo dat die mens en sy skeppinge sondig en onvolmaak is, maar wat van Maandag tot Saterdag wanneer hulle hul party-koerante lees weer glo dat hul politieke party en sy leiers sondeloos en volmaak is.

Hierdie volmaaktheidspropaganda wat die politieke partye by hulle volgelinge inhamer lei ook daartoe dat baie partylede gewillig is om 'n lid van die teenparty aan die kruis te spyker op enige uur van die nag of dag; en voorts dat dieselfde partylede ewe gewillig is om dieselfde lid van die teenparty te salf en 'n purper kleed om te hang — sodra hy lid van hul party word. Die feit dat die oorstapper die „beginsels” wat hy jarelank in sy ou party gehuldig somer weggooi soos 'n mens 'n leë sigarettosie weggooi hinder sy nuwe partygenote glad nie; solank hy maar met sy mond die lof van hul party sing traak dit blykbaar nie wat die oortuigings van sy hart is nie.

Waarskynlik is die uitgangspunt: Die party is reg; so volkome reg is die party dat selfs mense wat nie reg is nie somer reg word sodra hulle lid word van die party.

Ek glo dat daar mense is wat so onder die invloed van hul partypropaganda verkeer dat hulle ewe onskuldig sal vra: Maar wat is dan verkeerd met bogenoemde stelling?

Dertien en Een

Ek wil nou 'n klompie voorbeelde noem van die eensydigheid van partypolitieke propaganda. Nadat die parlement voorverlede week verdaag is het die hoofparty se leiers en koerante die afgelope parlement-sitting bespreek. Dit is insiggewend om die besprekings met mekaar te vergelyk. Laat ons dit doen.

Die Cape Argus skryf dat die parlamentsitting 68 nuwe wette op die wetboek geplaas het — 16 van hulle in die laaste agt dae van die sitting. Die blad sê voorts dat die regering 81 wetsontwerpe ingedien het, maar dat dertien van hulle sowel as die enigste wetsontwerp wat deur 'n privaatlid ingedien is weens tydsgebrek in die slag gebly het.

Deur Sybränd

Wetsontwerpe wat moes oorsaak sluit in dié oor die instelling van 'n Sentrale Ekonomiese Adviesraad, oor die beheer van monopolistiese toestande, oor hotelle, oor die wysiging van die drankwet, oor verpleegsters, ens.

Die Transvaler verklaar: „Afgesien van die wetsontwerp vir 'n Ekonomiese Adviesraad, wat die regering tot aanstaande jaar laat oorsaak, is die hele wetgewende program wat die regering in die vooruitsig gestel het, afgehandel.”

Leeg en Vrugbaar

Mnr. J. G. N. Strauss, leier van die Verenigde Party verklaar in die Cape Times dat „die huidige parlamentsitting waarskynlik in die geskiedenis bekend sal staan as die leegste van enigiets wat opbouende vir Suid-Afrika is. Dit sal ook bekend staan dat dit bygedra het tot die grootste skade en ondiens aan die ideaal van 'n verenigde en gelukkige Suid-Afrika. Insteede van iets te bereik het in die rigting van 'n ware oplossing van ons kleurprobleme, het die Nasionale Party-regering daarin geslaag om 'n verenigde nie-blanke front daar te stel en in plaas van volkseenheid is daar nou 'n kloof van apartheid tussen die twee blanke rasse soos ons nog nooit in ons land gehad het nie.”

Daarteenoor vertel Die Transvaler weer in 'n hoofartikel dat „hierdie sitting ongetwyfeld baie vrugbaar was.” Die blad sê:

„Op grond alleen al van wat hy tydens die afgelope sitting gedoen het, sal die Regering aanstaande jaar met die grootste vrymoedigheid die kieserspubliek kan vra om aan hom vir nog 'n tydperk die bestuur van die land toe te vertrou.

„Daarenteen was die Opposisie so sonder beleid en so vol vrugtelose veglus dat hy net so berooid uit die sitting te voorskyn tree as die gehawende getaloorblyfsel wat hy aan die einde daar kon monster.”

Die Burger se mening is: „Die Regering kan met groot tevredenheid terugkyk op die vyf maande wat hy die land se werk deur die Parlement moes voer. Hy het groot en belangrike wette laat aanneem en sy party het met 'n klinkende oorwinning getree uit die stryd teen 'n Opposisie wat geweier het om saam te werk in belang van die gladde verloop van die verrigtinge.”

United Front is Las en Bate

Die Vaderland sê: „'n Terugblik op die verloop van die sitting kan selfs die bevooroordeelste waarnemer nie sy oë laat sluit vir die tolingrige vertoon wat die Verenigde Party met adv. J. G. N. Strauss aan die voerpunt in die volksraad gelewer het nie.

„Hierteenoor kan die regering terugkyk op 'n vrugbare sitting,” aldus die blad.

Die Burger vertel voorts dat die sitting vir die Verenigde Party 'n vuurproef was.

„Adv. Strauss se party het sy identiteit tot groot hoogte ingeboet. Die sogenaamde United Front is deur adv. Strauss en ander leiers daarvan met trompetgeskal aangekondig, en van toe af het die Sap-party in die Parlement deurgeloopt ook oor die woorde en dade van sy bondgenoot, die Torch Commando.”

Mnr. Strauss beduie weer dat die United Front die enigste lig in die donker is. „In die barensnood van die konstitusionele krisis,” verklaar hy „is die United Democratic Front gebore, onder die banier waarvan die groot en aangroeiende anti-regeringsmagte hulle verenig.” Mnr. Strauss voorspel selfs dat hierdie magte uiteindelik die ondergang van die Nasionale Party-regering by die volgende verkiesing sal bewerkstellig.

Eenheid en nie Eenheid nie

Die Sunday Times skryf dat die sitting gekenmerk was deur twee rigtings. „Een was die verskuiving van mag van die gematigdes na die ekstremiste in die Nasionale Party en die ander was die vereniging en konsolidasie van die Opposisie.” Die blad beweer dat dit hoegenaamd geen twyfel ly dat as dr. Malan vandag uittree mnr. Strydom in sy plek leier sal word nie.

Die Cape Times stem blykbaar saam. Die blad beweer dat sedert 20 Maart toe die Appèlhof se uitspraak insake die Kleurlingwet bekend gemaak is het die mag in die Nasionale Party verskuif van die Malan-Havenga-vleuel na die Strydomseksie. „Sedert daardie tyd ook,” verklaar die blad, „is die lossiesrige Verenigde Party saamgesnoer rondom die persoon van mnr. Strauss wie se leierskap toegeneem het in koers en vastigheid.”

Van hierdie samesnoering van die Verenigde Party weet Die Burger niks. Die blad verklaar: „Die Verenigde Party het 'n opvallende gebrek aan spangees aan die dag gelê wat duidelik bewys is deur die feit dat sy lede teen die end op 'n streep belangstelling verloor en huis toe gegaan het. Die klein klompie wat agtergebly het, was die spot van Nasionale wanneer daar gestem is.”

Strauss se Bespotting en Transformasie

Die Cape Times sê die regering was tydens die sitting op die verdediging. „Soos die regering van die een ekstremistiese maatreël en verklaring na die ander gehaas het in die parlement, so het die opposisie se aanval toegeneem in krag, saamhorigheid en vertroue tot dat dit duidelik was dat die regering slegs teenaanvalle doen as sy beste verdediging.”

Die Burger dink anders. Hy sê:

„Die sitting was 'n oorwinning vir die Regering omdat hy daarin geslaag het om die land se werk af te handel. Die feit dat die Opposisie die sitting 'n paar dae langer aan die gang gehou het as wat die plan aanvanklik was, word verkeerdelik deur hom as 'n prestasie opgeëis.”

Ten aansien van die beslissende dag, 20 Maart, en mnr. Strauss se optrede sê Die Burger dat lede die dag nog lank sal onthou want dit was die dag „toe adv. Strauss se teatrale binnekoms in die Raadsaal 'n spottende lagbui uit die regeringsbanke gelok het.” Die Sunday Times daarenteen onthou die dag omdat daarop die „transformasie” van mnr. Strauss plaasgevind het. Volgens die blad sou mnr. J. G. Strydom hom met 'n tussenwerpsel probeer bespotlik maak het en dit het mnr. Strauss vies gemaak. Hy sou sy aantekeninge (Vervolg op bls. 3, kol. 5.)

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwens, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.

GEBOORTE

GEYSER.—Aan Fred en Annie, 'n fris boeredogter op 7 Junie. Dank aan dokter en personeel. 9/7/18

TE KOOP

AANDELE.—1,000 Pers-Beleggings-Korporasie-aandele word te koop aangebied teen 1/6 per aandeel. Skryf aan die Sekretaris, Posbus 1411, Kaapstad. 2/7/2

MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stookkarretjies, drieliewe, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSEMEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

HORLOSIES EN BRILLE

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandaag. 19/9/TK

GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skifers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verkeer, dit waarborg GRYSHAAR-WONDER, die jongste kunsmatige wereldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/6 per bottel, geld met bestelling. BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg. C1/9/49

Gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skifers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. G14/6/50

MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. —BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg. A1/9/49

SIKTES en Kwaal verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. (Nr. 2)1/9/49

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 18/6/58



Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Postbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.

Torch-Kandidate Probleem vir V.P.

Die politieke partye is alreeds besig om reëligns te tref in verband met die nominasies vir die algemene verkiesing wat aanstaande jaar plaasvind, skryf Forward.

Die blad verklaar dat die opposisie-party se grootste probleem is om plek te maak vir vooraanstaande Torch-manne wat kandidaat wil wees. „Sommige van die regters en die generaals sowel as sommige van die jonger Torch-manne verwag nominasie,” sê die blad, „en dese of gene in die Verenigde Party sal vir hulle moet plek maak.”

KLA BIETJIE, MAAR IS NOG VOLBLOED O.B.

Mnr. C. J. Marais, Bethal, skryf:

Na baie jare as 'n getroue leser van u blad moet ek u meedeel dat ek nie langer daarvoor sal inteken nie. Ek is 'n honderd persent O.B. en 'n republikein, maar ek kan my nie langer vereenselwig met die houding van u blad nie. Deur gedurig met die mense wat ons sal moet help om 'n republiek te kry, te twis, sal die ideaal nooit verweselik word nie.

(Maar as die mense wat ons moet help om 'n republiek te kry dan hulle hulp weier en boonop voortdurend op Empire-konferensies in Londen gaan kuier, moet ons dan maar daarmee tevrede wees? Of moet ons met hulle „baklei” totdat ons die wêreld vir hulle so warm gemaak het dat hulle verplig is om ons te help om 'n republiek te verkry.—Red., O.B.)

Ek sien ook die foute raak wat die huidige regering maak, maar ek sien dit in die lig van die gebrekkige partystelsel wat later sal moet verdwyn. Ek verlang ook nie dat u blad daaroor sal swyg nie, maar die manier waarop gekritiseer word strek u beslis nie tot eer nie.

(Wanneer die partystelsel bevestig word gaan dit nie vir of teen bepaalde politieke partye nie, maar teen almal. Want ons wat teen die partystelsel is, is oortuig daarvan dat ons volk nooit sy ideale deur middel van 'n politieke party sal bereik nie — al is daardie party se naam ook Gabriël! Meeste Afrikaners glo gelukkig al dat die Verenigde Party nooit hul ideale sal verweselik nie. Maar ongelukkig glo baie Afrikaners nog dat die Nasionale Party dit wel sal doen. Die O.B. — en u ook — weet egter dat dit nie die geval is nie. Wat is nou ons plig? Om die baie Afrikaners te sterk in hul misverstand deur ook die Nasionale Party te steun, of om hul oë oop te maak deur juis die Nasionale Party te kritiseer? As ons, wat beter weet, saam met die partylede, ook nog agter die Nasionale Party gaan aanloop, sal ons volk nooit sy bestemming bereik nie. Ons doel moet, intendeel, wees om die Afrikaners op 'n ander koers — nie 'n party-koers nie — te kry. —Red., O.B.)

Deur met die Nasionale Party saam te werk sal ons meer bereik as om in die hande van die Sappe en die hedendaagse Tortsies te speel.

(Deur saam te werk met die Nasionale Party speel ons juis in die hande van die Sappe en die Tortsies want die toekoms van die Nasionale Party — as gevolg van die onverbiddelike werking van die partystelsel — is om mōre of oormōre weer 'n slag opposisie te word, wanneer die Sappe en die Tortsies weer 'n slag regering sal word. As ons nie in die hande van die Sappe en die Tortsies wil speel nie moet ons, soos Die O.B. bepleit, die partystelsel afskaf want die partystelsel is die waarborg dat die Sappe en die Tortsies ongeveer elke tien jaar aan bewind sal kom. Geen partyregering se lewe is langer as tien jaar nie. Dit het ons eie geskiedenis sedert 1910 bewys.—Red., O.B.)

Laat ons kritiseer, maar laat dit op so 'n manier wees dat ons ons Nasionale Party-vriende sal nadertrek en ook oortuig van hulle foute in plaas van om hulle 'n afsku in ons blad te laat kry.

(Ons kan net op twee maniere nader aan ons Party-vriende

kom. Eerstens, deur na hulle te gaan, d.w.s. hulle party te ondersteun. Daardeur kan ons ons O.B.-ideale egter nie bevorder nie. Tweedens, deur hulle te oortuig om na ons te kom. Dit mag moeilik wees, maar dis die enigste manier om naby ons vriende te wees, wat vandag in

Soos Ons Lesers Dit Sien

'n party is, en om terselfdertyd ons ideale te bevorder. As praktiese man moet u aanvaar dat die blinde party-aanbidder, in die begin, 'n „afsku” in die blad sal kry wat vir hom moet leer dat sy party-god 'n afgod is. Maar sodra hulle geleer het om deur die O.B.-bril te kyk sal hulle tog siende word.—Red., O.B.)

Die O.B. is 'n organisasie wat onder dissipline staan, maar u blad se administrasie weier om dit te gehoorsaam; daarom te meer bedank ek as intekenaar daarvan. Ek wil u verseker dat tensy u blad sy houding gaan verander hy nooit sy doel sal bereik nie. Want, ek herhaal, die manier waarop hy sy saak stel sal sy ondergang beteken.

Ek sluit met goeie bedoelinge.

(Ja, Die O.B., as die Grootraad se mondstuk moet gedissiplineerd genoeg wees om die Grootraad se beleid te verkondig, ten spyte van enige gebeurlikhede. Dit doen die blad ook. En die manier waarop die blad dit doen is 'n kwessie van mening. Die redakteur van die grootste Afrikaanse koerant in ons land het by geleentheid in sy koerant Die O.B. die pluimpie gemaak dat „die O.B.-orgaan onder knap redaksie-leiding staan en van die „leesbaarste” politieke artikels in die land aanbied.”

Ons vertrou dat u, wat 'n honderd persent O.B. is 'n getroue leser van die O.B. se orgaan sal bly.—Red., O.B.)

SAL WAKKER SKRIK

Mnr. George D. van der Smit, Outjo, Suidwes, skryf:

Aangeheg vind u lys met die name van vier nuwe intekenare op Die O.B.

Dit skyn of daar tydelike verwarring is en of lede nie kan besluit waar hul staan nie; maar daar is net een weg en dit is die weg van 'n vrye Suid-Afrika, die ideaal waarvoor 26,000 vroue en kinders die marteldood gesterf het.

Engeland is vinnig op pad na die afronding en sleep ons saam. Indien ons nie nou wegbreek nie, dan sal ons eerlank deur Engeland se swart state in Afrika regeer word.

Laat ons O.B.-koerant voortgaan om ons volk reg in te lig en op die gevare te wys. Wie weet miskien sal Suid-Afrika betyds wakker skrik.

Elk wens ons het die middele gehad om 'n paar man in die veld te sit om ons saak te propageer en ons volk op die gevare te wys.

Ingesluit vind u lidmaatskaarte van my en my eggenote en dogtertjie.

Ons sal onwrikbaar vasstaan op die pad van ons vrye Republiek al is ons ook net 'n bende van honderd man. My God, my volk, my land Suid-Afrika!

TROTS OP BLAD

Mev. C. W. Basson, Porterville, skryf:

Ingesluit is die bedrag vir die O.B.-weekblad. Ek is baie groots op ons weekblad. Ek wil baie graag weet of Sybrand dan nie vir ons in die „Os op die Esel” kan verduidelik nie hoe dr. Malan die Kleurvraagstuk wil oplos; hoe die Verenigde Party dit wil doen; hoe die Afrikaanse kerke dit wil doen; en hoe ons in die O.B. dit wil doen. Ek wil graag die punte van verskil weet as dit moontlik is.

Dan is ek ook baie haastig om te weet wanneer ons waarnemende K.G., mnr. J. A. Smith dan aangestel word as K.G.

Is u besig om intekenare op Die O.B. te werf? Dankie.

(Vervolg van kolom 5)

ning deur hulle party behaal is. Die waarheid is tog klaarblyklik dat geeneen van die twee partye net gewen of verloor het nie. Albei het gewen en verloor.

Maar dit sal die eensydige partypropaganda nooit erken nie.

Bou nou 'n nasie met politieke partye!

SYBRAND

(Vervolg van bls. 2, kol. 5.)

ninge neergegooi het en sommer vryvuis begin baklei het. So-doende sou hy homself gevind het en sedertdien neem sy leierskapseienskappe glo nog altyd toe.

Albei het net gewen!

Die Burger vertel dat die Opposisie se optrede in die debat oor die straatonluste voor die Johannesburgse stadhuis toe mnr. Solly Sachs in hegtenis geneem is en die Kahn-debat het hom die beskuldiging deur Nasionale op die hals gehaal dat hy die kommuniste in sy beskerming neem.

Die Cape Times skryf: „In antwoord op die regeringsparty se beskuldiging dat hy simpatie met die „kommuniste” het, was die opposisie se verweer dat die regering se optrede teen die sogenaamde kommuniste maar net die begin is van die Nasionale Party se volle aanval op demokratiese instellings en op die beginsel van regering ooreenkomstig die wet. En die opposisie het ongetwyfeld die beste saak verdedig.”

Ek sal nou nie meer voorbeelde aanhaal nie. Maar dit moet tog nou duidelik wees dat die Nasionale Party-lid wat sy party se propaganda ingeneem het moet glo dat sy party die opposisie-party, sonder enige voorbehoud hoegenaamd, fluit-fluit uitgestof het in die parlement. En die Verenigde Party-lid wat weer sy party se propaganda ingeneem het moet dieselfde van sy party glo. En dit is ook so. Daar is duisende lede van die Nasionale Party wat glo dat hulle party die oorwinning in die parlement behaal het. Maar daar is ook duisende lede van die Verenigde Party wat net so vas glo dat die oorwin-

(Vervolg in kolom 4)

O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

Besoek ons wanneer u in Kaapstad is

Ons pryse—die billikste

Ons diens—die beste



UNIEWINKELS

— BEPERK —

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

Takke: Johannesburg, Germiston, Benoni, Vereeniging, Kaapstad

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons. GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Apteeke

Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN
Besoek ons of skryf om besonderhede

DUITSERS KWAAD OOR SPLITSING VAN LAND

Na aanleiding van Wes-Duitsland se besluit om die kant van die Westerse moondhede te kies in die stryd teen die wêreld-kommunisme onder leiding van Rusland en na aanleiding van Wes-Duitsland se gevolglike volledige inskakeling by die Westerse moondhede, skryf ons Amerikaanse korrespondent dat die betrokke volke eers langsaam tot 'n volle besef geraak van die ware betekenis van die ooreenkomste van Bonn en Parys. Hulle is daardeur — soos die Amerikaanse pers baie uitdruklik beklemtoon — onherroepelik „gebind.”

Dit is baie moeilik vir onafhanklike waarnemers om die warboel van openbare en geheime ooreenkomste te deurgegrond en die betrokke volke se reaksie wissel ook van wanhoopige berusting tot openlike verzet. Onderstaande uittreksels uit invloedryke koerante weerspieël waarskynlik die hele toestand baie treffender as die ooreenkomste waaronder die naamtekenings van die betrokke staats-hoofde verskyn.

VERDELING

Die United States News and World Report skryf: „Die groot stryd wat voorlê gaan om Duitsland. Berlyn, wat 100 myl diep in Sowjet-gebied lê word verwurg. Duitsland, wat 18 miljoen van sy bevolking en 'n groot deel van sy gebied onder kommunistiese heerskappy het moet kies of hy die permanente verlies van Oos-Duitsland wil aanvaar en of hy volle samewerking met die Westerse moondhede wil vermy.”

Die Halifax Chronicle-Herald skryf: „Geen Europese land wil saam met Amerika vir die verdediging van Berlyn verantwoordelik wees nie. En die Wes-Duitsers haat dit dat hulle nou — miskien vir altyd — aan 'n politiek gebind is wat eintlik beteken prysgawe van 'n herenigde Duitsland.”

WANTROUE

Die Hamburger Morgenpost skryf: „Dit is verbasend dat die kanselier geen begrip openbaar van die ontmoediging wat veroorsaak word wanneer die Franse minister van buitelandse sake op Duitse bodem die Amerikaners vra vir 'n waarborg teen 'n moontlike „uitbreek” van die Wes-Duitse Republiek. Die sogenaamde Duitse „vennoot” is dus uit die staanspoor in kettings geslaan. Wantroue en nie vriendskap nie is die grondslag van die Franse ooreenkomste. Die oorsaak van die wantroue is vrees. Frankryk is bang vir 'n herenigde Duitsland. Sewentig miljoen Duitsers is vir Frankryk 'n nagmerrie en daarom moet 20 miljoen Duitsers afgeskui en aan die bolsjewiste uitgelewer word.”

Die Hamburger Abendblatt skryf: „'n Toekomstige regering van heel-Duitsland behoort as gevolg van die Duitslandverdrag dieselfde regte te kry as wat die Wes-Duitse regering vandag het. Maar aan die ander kant sal so 'n regering dieselfde verpligtinge hê as die huidige Wes-Duitse regering. Die Westerse moondhede het egter daarop gewys dat 'n regering vir heel-Duitsland in elk geval nie sonder hul toestemming tot stand mag kom nie . . .”

GEEN VLAE

Voorts verklaar die blad: „Die ooreenkomste is geteken teen 'n baie donker en gevaarlike agtergrond, nl. die woeste dreigemente van die kant van die Sowjetowerhede. Die noodlottige woorde „staatsgrens aan die Alpe” beteken die finale skeiding van Duitsland sodra Wes-Duitsland in die westerse verdedigingsstelsel opgeneem word. Dit het gebeur.”

Welt am Sonntag skryf: „Burgemeester Kaisen von Bremen verklaar dat die ondertekening van die ooreenkomste vir die stad geen geleentheid is om vlae uit te hang of skole te sluit, soos die minister van binnelandse sake, Lehr, dit graag wil hê nie.”

Die New York Times skryf: „Siviele lugvaart is nie in die algemene ooreenkomste en ook nie in die militêre ooreenkomste genoem nie. Aangesien Engeland die Duitse medediging op hierdie gebied vrees, wou hy nie hê dat Duitsland die gebied betree nie. En Frankryk het Engeland se kant gekies. Dr. Adenauer het derhalwe beloof dat Duitsland van siviele lugvaart sal afstand doen.”

(Vervolg in volgende kol.)

Eers N.P., Nou V.P.

Die Verenigde Party behoort homself ten gunste van 'n republiek uit te spreek, verklaar 'n briëfskrywer in die Cape Argus, op voorwaarde dat die republiek 'n lid van die Britse Statebond bly.

KOOPSKUHEID NEEM TOE

Regeringskoerante sowel as opposisiekoerante maak voortdurend melding van die stygende pryse van allerlei artikels en dienste wat die lewensduurte steeds opjaag. Na aanleiding van die verhoogde pryse van botter en kaas skryf Die Burger dat menige huisvrou stellig die versugting sal uiter, „O, vader, daar gaan my begroting.” Die Cape Times verklaar dat duiende mense, met beperkte inkomste, besig is om die stryd om hulle lewenstandaard te handhaaf te verloor.

Verlede week is die prys van botter met 2½ pennies per pond en dié van kaas met 1½ pennies per pond verhoog. Pryse van ham en spek en blikkiesmelk is verhoog. Melkpryse is hierdie jaar al drie keer verhoog tot 6½d. per pint. Die prys van vis is tot met 10 pennies per pond verhoog. Suiker het duurder geword.

Sigarette, tabak, bier, koel-dranke, lekkergoed, brandewyn,

Hoewel Wes-Duitsland die amptelike bondgenoot van die Westerse moondhede is, blyk dit tog dat hy 'n bondgenoot is met 'n ernstige grief oor die versnippering van die vaderland.

N.P.-BLAD PRYS OU V.P.-VOORBOK

In 'n hoofartikel onder die opskrif: „Ou en Nuwe Leiers” tref Die Burger 'n vergelyking tussen die ou en die nuwe leiers van die Verenigde Party. Die blad noem die geval van mnr. J. W. Mushet, voormalige Kaaplandse leier van die V.P. wat „as Kaaplandse leier van die Verenigde Party vervang is deur 'n vriend van die Strauss-Oppenheimer-Torch-leiding in die opposisie.” Die blad sê dat dit mnr. Mushet se loon was omdat hy aan sy party die waarheid gesê het, nl. dat sy party op die Transvaalse platteland min, indien enige, vordering maak.

Die blad betreur dit dat die „Mushets uitgeskui word” uit die leierskap van die Verenigde Party.

Hierdie hoofartikel kondig 'n hele ommekeer in Die Burger se houding teenoor mnr. Mushet aan. Hy word voorgestel, anders as in die verlede, as 'n baie gewenste leier vir die Verenigde Party om te hê. Die volgende voorstelling sal heel moontlik wees dat mnr. Mushet ook

ROOMSE WERK ONDER AFRIKANERS

„Oral in ons stede en dorpe gaan sy propagandawerk onafgebroke voort,” skryf Die Kerkbode na aanleiding van die Rooms-Katolieke Kerk se indringing in ons land. Die blad is die mondstuk van die verenigde Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika. Hy verklaar dat die Roomse Kerk se ontwaakte belangstelling in die Afrikaanssprekende deel van ons bevolking veral opmerklik is. Die blad se verklaring daarvoor is:

AFGESONDER

„Voorheen was die oorgrote meerderheid van die Roomse priesters en nonne Italiaanse,

Franse of Engelse uitlanders wat vreemd gestaan het teenoor ons volk, sy taal en kultuur. Die Roomse arbeiders was 'n Europese eiland in Suid-Afrika, afgesonder en verwyderd van die breë stroom van die Afrikaanse lewe. Vandaar dat hulle wel ingang gevind het onder die nie-blankes, maar origens baie min invloed uitgeoefen het onder die Europese, by name die Afrikaanssprekende bevolking.

SKAKELS

„Vandag is dit anders. Geruime tyd al beklee Nederlanders hoë poste in die Roomse Kerk hier te lande en is hulle die skakels nie alleen met die Roomse immigrante uit Nederland nie, maar ook tussen Rome en die Afrikaner. Deur die Rooms-Katolieke Nederlander kom die Roomse Kerk vandag so na aan ons soos nooit tevore nie: ons verstaan sy taal, het 'n aandeel aan sy kultuur en behoort aan 'n stamverwante volk, wat trots is op ons gemeenskaplike Dietse kultuur en geskiedenis.”

Ten slotte waarsku die blad dat die insinking van die protestantse geloofslewe die geleentheid vir Rome bied om sy slag te slaan. En die insinking is daar as gevolg van die afval van geloof onder invloed van die liberalistiese wêreldbeskouing, die ontkerstening van ons volk deur 'n neutrale onderwysstelsel en deur „verdraagsaamheid” wat alle geloofs- en belydenisgrense nie uitwis.


Die Verhaal van die Suid-Afrikaanse Vervoerwese

DIE SPOORWEE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

TERWYL spoorwegontwikkeling in die ander drie provinsies met rasse skrede plaasgevind het, was die Republikeinse Regering van die Oranje-Vrystaat nie in die vermoë om spoorwegondernemings binne sy grense te finansieer nie. Gevolglik is daar toe met die Kaapse Regering-spoorweë reëlins getref om 'n hooflyn reg deur die middel van die Vrystaat, vanaf Norval's Pont in die suide, oor Bloemfontein tot by Viljoensdrif aan die Transvaalse grens, te bou. So het die Vrystaat twee oogmerke op een slag bereik: 'n spoorverbinding met die snelgroeiende Transvaalse goudvelde, asook na die see by Kaapstad. Later is daar 'n dergelike ooreenkoms met die Natalse Regering-spoorweë gesluit vir die bou van 'n lyn wat Harrismith met Ladysmith aan die roete Durban-Johannesburg kon verbind. Hierdie spoorlyne, tesaam met dié van die Transvaal, is in 1901 by die Sentrale Suid-Afrikaanse Spoorweë ingelyf. Reeds in 1904 het daar tien treine per week van Kaapstad na Johannesburg oor Bloemfontein geloop.

'n Vroeë foto van die brug te Norval's Pont, waar die Kaapse spoorlyn die Vrystaat binnekom. Dit is die langste brug oor die Oranjerivier. Dit bestaan uit 13 boogspannings van 130 voet elk en het £76,593 gekos om te bou.


Hierdie lokomotief van die 05 soort van die Kaapse Regering-spoorweë dateer uit die neuntiger jare toe die Kaapse Regering-spoorweë die diens deur die Vrystaat tot by Viljoensdrif op die Transvaalse grens, verskat het.



EEN VAN 'N REEKS ADVERTENSIES WAT DEUR DIE ADMINISTRASIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SPOORWEE IN 1952, DIE JAAR VAN SUID-AFRIKA SE DERDE EEUFEES, AANGEBIED WORD



Die Presidente van die Transvaal en die Oranje-Vrystaat het mekaar op 21 Mei 1892 te Viljoensdrif ontmoet, toe die twee Republieke vir die eerste keer per spoor verbind is.



O.B. JAARGANGE

JAARGANG 1950—1951

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

VOORRAAD BAIE BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703

Kaapstad

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgevers. Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.